
Junie 2016

Wêreldekonomie

As gevolg van die geweldige valuta-onbestendigheid en wêreldwye finansiële onsekerheid wat deur Brexit geskep is, verwag die meeste handelaars 'n VS-koersstyging op die vroegste eers diep in 2017, eerder as laat 2016 voor die stemming. S&P 500 verdienste sal na verwagting in die derde kwartaal vir die eerste keer sedert 2015 groei, hoewel voorspellings sedert die Brexit stemming misgetas het, aangesien beleggers bekommerd is oor die uitwerking van die hernude dollarsterkte en potensiële ekonomiese blapse in Europa volgens Thomson Reuters data. Eise en appêlle in Brasilië se onvoorspelbare regsomgewing vertroebel die moontlike grootte van BHP Billiton se uitbetaling van vergoeding vir die gebreekte damwal, wat tussen \$2,3 miljard en \$6,2 miljard wissel, en 'n eis van \$58 miljard wat maar net nie wil weggaan nie. Goudhandel is op 'n bykans tweejaarhoogtepunt. Die Saoedi Minister van Energie het gesê die olieprys is op pad na 'n balans teen \$50 'n vat. Nigerië het hul geldeenheid, die naira, gedevalueer, in navolging van Rusland, Kazakstan en Angola, weens die daling van die olieprys. Die Caixin China se algemene vervaardigings-KBI vir Junie het op 48,6 te staan gekom, 0,6 punte laer as die Mei-meting. Dit was die indeks se derde maandelikse daling na mekaar en het die skerpste agteruitgang in die vervaardigingsektortoestande sedert Februarie getoon.

SA Ekonomie

Statistieke wat deur die Departement van Handel en Nywerheid vrygestel is, het getoon dat Suid-Afrika se nuwe motormark die eerste helfte van die jaar 10,4% laer was, vergeleke met die eerste ses maande van 2015. Die seisoenale aangepaste Barclays Koopbestuurdersindeks (KBI) het tot 53,7 punte in Junie gestyg, die vierde agtereenvolgende maand bo die neutrale 50-puntmerk en hoër as die 51,9 punte wat in Mei aangeteken is. Die Departement van Energie het 'n styging in die prys van petrol en diesel aangekondig. Die randwisselkoers het teen die meeste geldeenhede verbeter met die rand-pond-wisselkoers onder R20. SA inflasie het minder as wat verwag is in Mei gestyg, met die jaarlikse koers wat tot 6,1% j/j daal. Suid-Afrika se handelsbalans het tot 'n surplus van R18,7 miljard in Mei 2016 gestyg, ondersteun deur verhoogde uitvoere en ook laer invoere.

Implikasies en geleenthede

- Die hoof- ekonomiese risiko weens Brexit is vir die Britse ekonomie, met buitelandse direkte belegging wat waarskynlik sal verswak, aangesien maatskappye dit heroorweeg om in die VK te belê.
- Die wegbreek van die VK skeep die moontlikheid van verdere disintegrasië van die Europese Unie, wat geleenthede en moontlike bedreigings vir SA handel skeep.
- Devaluasie van die naira sal 'n aansienlike korting van die 330 miljard naira-boete tot gevolg hê, wat MTN ingestem het om aan Nigerië, sy grootste mark, te betaal.
- Verbetering in die KBI, VPI, handelsbalans en wisselkoers is positiewe aanduidings vir graderingsagentskappe en beleggers in die SA ekonomie.

“Opportunities come infrequently. When it rains gold, put out the bucket, not the thimble.”
Warren Buffett

RvD de Kock

PJ de Jongh

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD

Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195

Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital

STONEHOUSE
CAPITAL

Partnering the Exceptional